**10 Januarie**

## Geloof maak 'n verskil

**Skriflesing: Jakobus 1:1-11**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:2**

Die grootste deel van ons bevolking kwalifiseer hulle as Christene. In die dinge wat in ons land plaasvind, lyk dit nie of geloof 'n verskil maak nie. Jakobus skryf dat geloof dade moet word. Ware geloof word gesien – ook onder beproewende omstandighede. Jakobus sê in hierdie gedeelte hoe die gelowige onder beproewende omstandighede moet optree:

- *Verheug jou wanneer beproewings kom* – Bekyk beproewing vanuit God se perspektief. Hy het 'n heilige doel daarmee. Die beproewing self is nie 'n aangename ervaring nie, maar dit wat daaruit voortkom, is waardevol. Die vreugde lê in die doel wat God daarmee het.
- *Bereken die resultate van jou beproewing* – Beproewings kweek volharding. Dit kweek geestelike volwassenheid.
- *Gaan na God toe vir hulp* – Bid vir wysheid. God is goed en genadig, en Hy gee sonder voorbehoud en sonder verwyt. Jy kan Hom vertrou.
- *Dink voor jy reageer* – Wanneer daar beproewings is, evalueer 'n mens gewoonlik jou lewe. Indien jy ryk is, besef jy dat beproewings armoede kan meebring. Die lesers van Jakobus was arm. Beproewings het hulle nog armer gemaak. Hulle moet egter bly wees, want hulle het nou 'n verhoogde status gekry (Matt 5:3). Geestelike rykdomme kan nie van jou weggevat word nie – wees bly daaroor.
- *Dink aan jou beloning* – Geseënd is die wat vervolg word, omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel (Matt 5:10, 12; Jak 1:12).

Geloof maak 'n verskil. God beloof dat ons nie bokant ons kragte beproef sal word nie. Hy is getrou en sal in die beproewing jou nie alleen laat nie, maar aan jou die innerlike krag en wysheid gee om in die beproewings te volhard en te groei tot geestelike volwassenheid (1 Kor 10:13).

*Sing: Ps 34:1, 4* *Ds. Theuns de Klerk (Okahandja)*